## HOE OM HIERDIE WERKBOEK TE GEBRUIK

In die SA Gemeente is dit vir ons belangrik om saam Bybel te lees!

Ons wil graag dié geloofsgewoonte ook by ons kinders vestig. Daarom is die materiaal vir ons kinderbediening só ontwerp om kinders vanaf 3 tot 14 jaar te begelei om aan die hand van ongeveer 120 Bybelverhale hulle geloof te ontwikkel. In die jaar daarna word dié proses afgerond gedurende hulle voorbereiding vir belydenisaflegging.

Die materiaal is só voorberei dat die Bybelverhale (een per week) oor 'n tydperk van drie jaar deurgelees word en wel in vier siklusse (3-5 jr; 6-8 jr; 9-11 jr en 12-14 jr). Elke verhaal word aangevul met 'n aktiwiteit vir elkeeen van die ouderdomsfases. Die aktiwiteit is bedoel om kinders te help om die verhaal te geniet (3-5 jr); te herken (6-8 jr); te onthou (9-11 jr); en te verstaan / toe te pas (12-14 jr). Daar is 'n werkboek vir elke ouderdomsfase beskikbaar en die materiaal is in Afrikaans en Engels saamgestel. Die werkboek word elke Sondag tydens die byeenkomste van ons kinderbediening gebruik; ouers moet dus asseblief seker maak dat kinders hulle werkboeke gereeld saambring! Vir die weke wanneer daar nie erediens is nie, word ouers versoek om asseblief daardie week se materiaal as 'n gesinsbyeenkoms te hanteer. Wanneer daar wel erediens is, kan die verhaal natuurlik steeds in die week vooraf deur die gesin gelees word; die aktiwiteit sal egter op die Sondag tydens die kinderbediening se byeenkoms gedoen word. Die riglyne hier onder kan gebruik word vir byeenkomste van ons kinderbediening sowel as deur gesinne. Veral die persone wat help met die kinderbediening, word aangemoedig om vir die groepbyeenkomste addisionele materiaal by te werk (daar is heelwat op die internet beskikbaar!).

## RIGLYNE VIR DIE BYEENKOMS

**Lees:** Hierdie is die belangrikste deel van die byeenkoms. Die verhaal kan meer as een keer gelees word. Dit kan ook in verskillende vorme (bv 'n Kinderbybel) en in verskillende vertalings gelees word. Spandeer asseblief genoeg tyd hieraan!

**Gesels:** Gesels saam oor die verhaal aan die hand van leidende vrae volgens ouderdomsgroepe, bv: Wat onthou julle van dit wat ons gelees het; hoe dink julle het van die karakters in die verhaal gevoel toe sekere goed met hulle gebeur; is daar iets wat julle nie verstaan nie (woorde of begrippe); wat kan ons leer uit die verhaal?

**Doen:** Elke kind doen (volgens ouderdom) die aktiwiteit in die werkboek.

**Bid:** Gee geleentheid vir meer as een persoon om 'n kort gebed te doen. Wees kreatief …. gebruik 'n gebede-boek of gedeeltes uit die Bybel, skryf saam 'n gebed wat julle dalk vir 'n aantal kere kan gebruik, sing 'n liedjie saam wat ook 'n gebed kan wees, ens.

*Teen 'n gemiddelde tyd van 5 min per item, kan die gesprek binne 20 min afgehandel word, maar hopelik geniet julle dié gewoonte só baie dat julle graag meer tyd daaraan wil spandeer!*

**3 Desember 2023** **1 Johannes 4:7-21**

**God is liefde**

**God is love**



**God is love**

**Colour the picture:**



**3 Desember 2023** **1 Johannes 4:7-21**

## God is liefde

**Kleur die prentjie in:**

ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin.
God is liefde;
wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom.



**3 December 2023** **1 John 4:7-21**

## God is love

**Read this passage carefully and mark what speaks to you.** Write it down, try to write down at least one thing:

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

Read the passage again and answer the following questions:

**Why does John tells us to love one another?** What clues do verses 7 and 8 give in this regard?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

What is the **best proof we have that God loves us**? Look at v 9 and v 10

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

To love is powerful. **What happens when we love others according to verse 12**?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

In what way does **love help to dispel our fear**? Read what John says in v 17-18.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

This passage concludes with the **massive challenge that we must love our brothers** and fellow believers and other people. The way we love others is a direct reflection of the way we love God – v 19-21

**Finish with a prayer, asking God to help you discover his love for you in a brand new way!**

**3 Desember 2023** **1 Johannes 4:7-21**

## God is liefde

**Lees die gedeelte baie goed deur en merk weer die sake wat jou dadelik tref.** Maak sommer 'n lysie, of skryf net ten minste een ding neer wat jou getref het:

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

Lees die gedeelte weer deur en antwoord die volgende vrae:

**Hoekom sê Johannes** in v 7 en 8 dat **ons mekaar moet liefhê?** Hy gee 2 redes in v 7 en een rede in v 8.

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

Wat is die **beste bewys wat ons het dat God vir ons lief is?** Kyk na v 9 en v 10

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

Om lief te hê is powerful. **Wat sê v 12 gebeur as ons ander liefhet**?

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

Hoe dink jy help liefde ons om nie meer bang te wees en in vrees te leef nie? Lees weer verse 17-18.

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

Die gedeelte sluit af met die geweldige groot opdrag dat ons ons mede-gelowiges of naaste moet liefhê en hoe ons ander liefhet is die maatstaf van hoe lief ons vir God is! v 19-21

**Bid en vra God om jou opnuut te laat ontdek hoe lief Hy vir jou is!**

**3 Desember 2023** **1 Johannes 4:7-21**

## God is liefde
## God is love

My opsomming van die teks .......
My summary of the text ..........

Ek dink die boodskap van die teks is .......
I think the message of the text is .......

Ek dink die teks vra van my om ......
I think the text challenge me to .......

My gebed as antwoord op die teks, is ..........
My prayer as response on the text is ......

*Die skrywer van Psalm 8 het seker baie nagte in die oop veld saam met sy skape geslaap. Dit het hom genoeg tyd gegee om na te dink oor die skoonheid van die skepping en hoe groot die Skepper daarvan moet wees.*

The author of Psalm 8 probably slept with the sheep in the open field many nights. This gave him enough time to reflect on the beauty of creation and how great the Creator of all things should be.